www.kelkiewyn.za.net
Jaargang 4, Nr 1 • **GRATIS!**

# Kelkiewyn

**Roepstem uit die Dorsland**



## Hedendaagse verwarring oor waardes vir vroue?

## Pineas se vrou eer God in verwarrende tye

## Gemeente, benut vrouegawes

## Die voorreg van 'n moeder

## Bybelse vroulikheid

## Internet Pornografie

## Die groot M



# Hedendaagse verwarring oor waardes vir vroue?

Hoe langer ek oor die vraag nagedink het, hoe meer vrae het daar by my opgekom.

**Bestaan daar werklik verwarring oor hierdie waardes?**
In 'n samelewing waar mense kennerlik nie meer weet wat reg en wat verkeerd is nie, is dit nie nodig om te lank te dink oor die vraag nie. Daarom: Ja, aan die begin van die een en twintigste eeu is die samelewing so waarde-verward dat 'n mens selfs van sedelike verwildering kan praat.

**Bestaan daar dan spesifieke waardes vir vroue, anders as dié vir mans?**
Hierdie antwoord is nie so vanselfsprekend nie. Aanhangers van die feministe-beweging sou heftig beswaar aanteken teen die idee van afsonderlike waardes vir vroue. Almal is mos gelyk en eenders! Maar as 'n mens die Bybel oopmaak en lees wat die Here ons leer oor die plek wat Hy aan vroue in die samelewing toegeken het, dan moet ons toegee: Buiten die algemene waardes wat God vir alle mense gegee het, het Hy ook bepaalde unieke waardes gegee wat spesifiek by vroue pas.

**Kan ons praat van 'n hedendaagse verwarring?**
Anders gestel: Is mense in ons tyd meer as ooit verward oor die waardes vir vroue? Na my oortuiging kan ons nie anders nie as om op hierdie vraag "ja" te antwoord en wel om die volgende redes:

Reeds vroeg in die twintigste eeu is die samelewing in beroering gebring deur verskeie vroue-bevrydingsgroepe. Soms was hierdie groepe se besware geregverdig, waar dit gemik was teen praktyke wat neerkom op die verontregting, minagting, mishandeling en selfs misbruik van vroue. Sulke wanpraktyke druis immers direk in teen Christelike waardes. Ongelukkig was dit so dat die feministiese bewegings merendeels nie deur Christelike waardes aangedryf is nie, maar deur humanistiese denke. Daarom was hulle hoofargument gewoonlik dat alle mense gelyk is, ook mans en vroue. Om dié rede, sê hulle, mag ons geen onderskeid tref nie. Daarmee het hulle egter nie "bevryding" vir vroue gebring nie maar 'n identiteitskrisis vir vroue én vir mans.

Met verloop van tyd het hierdie feministiese bewegings 'n voet in die kerkdeur gekry. Daarvoor het hulle 'n eie "feministiese teologie" ontwerp. In dié "teologie" doen hulle 'n beroep op sekere Bybeltekste wat volgens hulle alle verskille tussen mans en vroue ophef. Maar tekste wat nie by hulle "teologie" inpas nie, verwerp hulle as oorblyfsels van die antieke kultuur van manlike oorheersing. Baie goedgelowige Christene het hulle deur dié "teologie" op sleeptou laat neem. Selfs gereformeerdes wat nog altyd die hele Bybel onvoorwaardelik as Woord van die Here aanvaar het, het verward begin raak. Die gevolg was dat Bybelse waardes vir vroue in kerke regoor die wêreld 'n twispunt geword het. Op sekere plekke, soos in die VSA, was dit selfs 'n rede vir kerkskeuring. Gelukkig het dit nie orals sover gegaan nie. Tog heers daar by baie gelowiges groot verwarring oor die Christelike waardes vir vroue.



**Wat sê die Bybel dan oor die gelykheid van man en vrou?**
Dit is nie doel van hierdie artikel om in besonderhede hierop in te gaan nie. Ons volstaan deur te sê: Die Bybel leer dat God mans en vroue gelyk gemaak het, maar tog met 'n duidelike onderskeid. Hy het die man as hoof gestel om leiding te neem, en die vrou as hulp wat by hom pas (Gen 1:27-2:19). Hierdie onderskeid het Hy gegee as ordelike grondslag vir die menslike samelewing, en spesifiek ook vir die huwelik.

- In die samelewing is die norm van manlike hoofskap dat elke man orals die verantwoordelikheidsin sal hê om te lei, te voorsien en te beskerm. Die norm van vroulike hulp-wees is weer dat sy in die samelewing sal optree met 'n gesindheid van ondersteuning, versterking en versorging.
- Wat in die samelewing oor die algemeen geld, het God in die huwelik besonder gemaak, sodat die man in die huwelik op 'n baie intieme en unieke wyse hoof van sy vrou en die vrou hulp van haar man is.

Met die sondeval is hierdie goeie orde egter versteur. Die mens het by die sondeval, soos ons weet, God se proefgebod oortree en in ongehoorsaamheid geval – met dodelike gevolge! Maar wat óók daar gebeur het, lees ons in 1 Timoteus 2:14, is dat die vrou in die man se plek die leiding geneem het en die man hom deur die vrou laat lei het. By die sondeval was daar 'n tragiese rol-verwarring. Hierdie rol-verwarring het daarná deel van die sondegebroke wêreld geword. In Genesis 3:16 hoor ons die HERE se woorde: Die vrou se begeerte sal voortaan wees om die man se plek in te neem; en die man, wat in liefde hoof van die vrou behoort te wees, sal in plaas daarvan oor haar heers. Die mooi verhouding wat God by die skepping tussen man en vrou gestel het, sal vervang word deur 'n voortdurende wedywering.

In die sondegebroke wêreld het mans en vroue, onseker oor wie en wat hulle is, al meer in verwarring geraak. Mans het die waardes van hulle hoofskap óf oorboord gegooi óf ingeruil op 'n liefdelose oorheersing oor vroue. Vroue het die waardes van hulp-wees al meer begin verag in die strewe om dieselfde plek as mans in te neem. Dit was die verwarring deur die eeue en dit is steeds die verwarring van ons tyd.

Waar kom die hedendaagse verwarring oor die waardes vir vroue dan vandaan?

- Ten diepste kom dit van die sondeval af, waar die eerste man-vrou-verwarring ingetree het.
- Die verwarring is ook deel van die ellendige gevolge van die sondeval. Deur die eeue is die verwarring lewend gehou deur die sondige strewe van vroue om die plek van mans in te neem en die sondige begeerte van mans om oor vroue te heers.
- In die jongste tyd is die verwarring aangeblaas deur die feministiese bewegings wat nie die verskil tussen mans en vroue wil erken nie.
- Uiteindelik is die waarde-verwarring die gevolg van gelowiges wat nie die hele Bybel as Gods Woord wil erken en voor sy gesag te buig nie.

**Wat is die antwoord van die gelowige?**

Die enigste antwoord is dat die mens moet terugkeer na God se woord. Sy woord wat soos 'n lamp op 'n donker plek skyn (2 Pet. 3:19), verlig die pad voor ons uit, sodat ons weer die Godgegewe waardes vir mans en vroue kan raaksien. Dan sal ons, deur die krag van sy Gees wat in gelowige harte woon en werk, weer daardie waardes kan optel en navolg. So maak Hy ons weer nuut en breek sy koninkryk met krag deur. Dit is ons gebed en ons roeping.

Prof. Gert Jordaan



**Uit die redakteur se pen**

Die krisis wat daar oor vroulikheid bestaan, is te benard om te ignoreer. Dis inderdaad soos die tema van hierdie jaar se Gereformeerde Sustersaamtrek erken, 'ons leef in 'n era van verwarrende waardes', ook wanneer ons spesifiek oor vrouwees gesels. Baie Christenvroue is feministe, bloot omdat die wêreld se paradigma vir vrouwees die enigste is wat hulle nog gehoor het. Die kerk sal leiding moet neem om God se mense toe te rus om Bybels te dink oor die hele lewe, insluitende Bybelse perspektiewe op geslagsrolle en verhoudings.

Dit is nie genoeg dat kerke die gedagte van manlike hoofskap huldig (Ef. 5:23) en dan 'n lys maak van wat vroue nie moet doen nie. Ons moet in die Bybel gaan kyk wat dit is wat vroue nodig het om te doen. God het in die paradys reeds gesê dat dit nie goed is dat daar net een geslag (man) is nie en dit is ook nie in die kerk van vandag goed nie. Hy het nie gesê dat die skepping baie goed was, voordat man en vrou langs mekaar gestaan het in die paradys nie.

Hierdie uitgawe word gewy aan die tema: Vrou, eer God in 'n era van verwarrende waardes. Drie artikels belig in besonder die tema. Prof. Gert Jordaan, rektor van die Teologiese Skool Potchefstroom, bespreek die vraag: “Hedendaagse verwarring oor waardes vir vroue?” Dr. Jac Howell, predikant van die Gereformeerde Kerk Heidelberg aan die Oosrand in Gauteng skryf: “Gemeente, benut vrouegawes sonder om die manlike hoofskap in gedrang te bring.”

Lincon Duncan, leraar in die Presbiteriaanse Kerk in Jackson, Mississippi, Amerika, skryf oor die omhelsing van Bybelse vroulikheid en Susan Hunt, direkteur van Vroue bediening vir die Presbiteriaanse Kerke in Amerika, bespreek Bybelse vroulikheid.

Henriëtte vertel vir die Kuikens van die gebeure toe Jesus op die see geloop het. Hannes leer ons lewe met 'n artikel oor die voorreg van 'n moeder, ons Leeslus word aangewakker met die bekendstelling van Arso se nuwe Bybelonderrig program en Maatstok meet die dvd: “The Monstrous Regiment of Woman.”

Cynthia maak 'n Kiwi Kaaskoek, Dok Erich kyk na menopouse en webvlug kyk na 'n dinamiese groep vrouens se webtuiste wat hulleself “True Woman” noem. Die jongklomp kyk na die gevaar van pornografie en Ds. Petrus Venter van die Gereformeerde Kerk Pretoria Dolerend oordink saam met jou hoe Pineas se vrou God geëer het in 'n verwarrende era.

Dit is ons bede dat die Kelkiewyn jou in jou geloofslewe sal toerus. Geniet elke eier hierin gelê en mag die roep van die Kelkiewyn in jou hart broeiplek kry en in jou lewe opvlieg!

Geniet die Sustersaamtrek!

**Redaksie**

**Redakteur**
Ds. Neil Prinsloo
redakteur@kelkiewyn.za.net
+264 81 -294 0055



**Taalsuiwerheid**
Tienie Duvenhage
info@uitspanhunting.com



**Bladuitleg**
Dina Adamson
DMA@mweb.com.na





# Gemeente, benut vrouegawes

## sonder om die manlike hoofskap in gedrang te bring.

Vroue het nog altyd 'n allernoodsaaklikste rol gespeel in die kerk van ons Here Jesus Christus op aarde. Toe Jesus op aarde was, lees ons telkens hoedat daar vroue by Hom was wat na sy woorde geluister het en Hom bedien het. Maar … ook dwarsdeur die eeue het vroue 'n onontbeerlike rol in die kerk van die Here gespeel. Op vele terreine en gebiede verrig hulle kosbare dienswerk in kerk en koninkryk.

**Die besondere en eiesoortige plek en rol van die vrou binne die plaaslike kerk**

Ons vertrekpunt: Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan (Ps. 24:1). Hy is die Koning van die heelal. Hy is in beheer en maak die reëls wat binne sy skepping geld. Só het Hy ook die orde binne sy skepping vasgestel (Gen. 2:21-22; 3:16). As deel van hierdie skeppingsorde het Hy bepaal dat die vrou aan die man moet onderdanig wees (Ef. 5:22,24). God se vasgestelde orde is dan ook bepalend vir die vrou se dienswerk in die kerk van die Here.

Dieselfde God wat die orde binne sy skepping (ook in sy kerk) vasgestel het, het besluit oor die gawes wat Hy aan die mens uitdeel (Ef. 4:7). In sy vrymag deel Hy gawes uit soos Hy



goeddink (1 Kor. 12:11). Hy deel sy gawes uit om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk en vir die opbou van die liggaam van Christus (Ef. 4:12). Tog staan God se vasgestelde orde (die besondere rolle wat hy vir die man en vrou vasstel) en die uitdeel van sy gawes, nie in konflik met mekaar nie. Die gawes wat God uitdeel, moet dus gebruik word, maar binne God se ordebepaling.

God gebruik die besondere dienste (Ef. 4:12) om die ander gelowiges (in die amp van die gelowige) toe te rus vir hulle dienswerk. So is alle gelowiges dienend betrokke by die opbou van die liggaam van Christus. Tog het die Here in sy skeppingsorde 'n onderskeid gemaak tussen die man en die vrou. En daardie onderskeid geld ook in die kerk van die Here. Die besondere dienste (ampte) gee aan medegelowiges leiding. En in hierdie "leiding gee" mag die hoofskap van die man nie in gedrang kom nie. Anders word God se orde versteur. Daarom, volgens God se vrymagtige besluit, moet mans in die besondere ampte/dienste dien. Hul dienswerk moet juis dienend, opofferend en nederig die opbou van die kerk van die Here nastreef.

Wat word onder die hoofskap van die man verstaan? Volgens Genesis 2:16 sal die man oor die vrou heers. Hierdie "heers" word gekwalifiseer deur die liefdeseis (Ef. 5:25) wat God aan die man stel. In die huweliksverhouding, wat ook in die kerk sy regte neerslag moet vind, geld daar 'n God-vasgestelde orde wat ons moet respekteer: Die vrou moet aan haar man onderdanig wees (en die man moet sy vrou tot die uiterste toe liefhê (Ef. 5:22,25). Die vrou kan dus nie in 'n besondere amp dien sonder om die man se hoofskap in gedrang te bring nie. Net soos God vrymagtig bepaal het dat die vrou in die huwelik kinders in die wêreld moet bring, het Hy ook die man se hoofskap in die huwelik vasgestel.

Hierdie Godgewilde orde plaas geen demper op die vrou om haar besondere gawes te gebruik nie. Die gelowige vrou is, net soos die gelowige man, voluit in die amp van die gelowige. Elke gelowige is profeet, priester en koning (Heidelbergse Kategismus Vraag en Antwoord 32). Die Here vereis ook van die vrou om haar gawes voluit te gebruik waar ookal Hy haar roep en gebruik. Haar gawes is net so belangrik as enige van die ander gawes (ook die besondere dienste/ampte) wat God aan sy kerk op aarde gee (1 Kor. 12:12-26).

**Hoe kan vroue se gawes dan in die plaaslike kerk benut word?**

Elke vrou het haar eie besondere gawes van God ontvang wat sy tot opbou en uitbou van die kerk van Jesus Christus moet aanwend. God gee die gawes en die geleenthede. Daarom is die moontlikhede onbeperk.

Dit sou goed wees as die Diakonie van 'n plaaslike kerk, in samewerking met die Susters, 'n "ontleding" doen van behoeftes en geleenthede waar diens gelewer en gawes aangewend sou kon word. In bykans elke plaaslike kerk is daar jong kinders wat soms opgepas moet word, jong mammas wat ondersteun moet word, mense in hospitale of wat tuis siek is, oues van dae wat besoek, rondgery, inkopies voor gedoen moet word, beproefdes, mense wat hartseer en alleen is, nuwe intrekkers, weduwees en wewenaars, mense wie se geliefdes gesterf het.

Gaan kyk watter besondere gawes die Here aan jou toevertrou het. Waar sou jy graag wil help en hand

bysit? Die besondere gawes waaroor jy beskik, het die Here met 'n doel aan jou toevertrou. Hy sal ook die geleentheid skep vir jou om daardie gawes te gebruik. Soek en ontgin daarom elke geleentheid om jou gawes te gebruik. Sommige gemeentes se Susters verdeel hulleself in groepies wat op 'n verskeidenheid gebiede dienswerk verrig. Hulle verskaf kos aan siekes aan huis, ry siekes na hospitale toe aan, help met die aanbied van funksies, besoek bejaardes gereeld ... ook jaarliks met 'n geskenkie tydens hul verjaarsdae, reël dat weduwees gereeld saamkuier, help by kosprojekte, ens. Oor hul dienswerk rapporteer hulle op gereelde basis aan die kerkraad.

Nooit is daar in die kerk van die Here 'n werkskaarsste nie. Ook mag daar nie werkloosheid wees nie. Behoeftes (geestelike, emosionele en fisiese nood) en gawes moet bymekaar uitkom. Dan vind daar opbou en groei plaas binne 'n plaaslike kerk. Dit is bepaald so dat vroue op bepaalde gebiede met hul "vroulike" aanslag 'n groot verskil maak. Vroue is dikwels die "hart" en die "hand" van Christus se gawes aan sy kerk. Jesus Christus gebruik dan ook elkeen van hulle met hul unieke gawes tot opbou van sy kerk (1 Kor. 12).

Gebruik dan jou gawes sonder om oor jou skouer te loer en ander se gawes te beny. Gebruik jou eiesoortige gawes voluit, dankbaar en met die oë gevestig op Jesus Christus. Só sal ook jy tot seën en opbou werksaam wees in die plaaslike kerk waar ons Koning, Jesus Christus, jou gebruik.

Dr. Jac Howell



# Omhels Bybelse vroulikheid

In ons feministiese en egalitariese (almal is gelyk) kultuur, sal wyse predikante en godvresende vroue moet besef dat die prediking en onderrig van die plaaslike kerk, ten minste vyf dinge moet doen om die gemeente te leer om praktiese Bybelse vroulikheid te omhels.

**1. Kweek godvresende, vroulike, Christelike vroue.**
Dit kan ongelukkig nie gebeur as 'n gemeente se lering die verskil tussen mans en vrouens onderbeklemtoon of die verskil tussen manlike en vroulike rolle in die kerk ontken nie.

**2. Bevorder gesonde Christelike huwelike.**
Dit kan nie gebeur as die gemeente nie Bybels oor die leer van manlike en vroulike rolle dink nie. Die maniere waarop mans en vrouens onderskeidelik met mekaar in verband staan, verskil, maar moet mekaar ook komplimenteer. Gevolglik is die aanleer van Bybelse verskille in ons wedersydse huweliksverantwoordelikhede en die verskillende maniere waarop ons met mekaar in verband staan as mans en vrouens, krities belangrik om Bybelse, heilige en gelukkige huwelike te bevorder. Dit beteken dat die egalitariese (gelykmakende) kultuur, implisiet of eksplisiet, bewustelik of onbewustelik die verbrokkeling van huwelike in ons kultuur tot gevolg het.


**3. Bevorder godvresende, monogame, heteroseksuele huwelike.**
Met ander woorde: bevorder godvresende huwelike tussen een man en een vrou. Dit kan egter nie gebeur as die gemeente nie 'n konsekwente metode van Bybelse verklaring as ondersteuning van dit wat sy glo, het nie. As daar byvoorbeeld geen verskil is tussen mans en vrouens se rolle in die huwelik nie, hoekom moet 'n huwelik dan net tussen mans en vrouens wees? Hoekom dan nie ook homoseksuele huwelike nie?

**4. Kweek 'n vreugdevolle omhelsing van godvresende, gesonde, Christelike, manlike geestelike leierskap in die gemeente.**
Dit sal egter nooit gebeur as die gemeente se voorgangers nie glo en leer wat die Bybel leer oor manlike kerklike leierskap nie. Die aansprake van Christen egalitariërs word al hoe skerper op die gebied. Gekwalifiseerde manlike kerklike leierskap word "dominering" en "misbruik" genoem. Dit terwyl sommige gereformeerdes die Bybelse leer oor manlike geestelike leierskap degradeer. Waarom doen hulle dit? Hulle is vasgevang deur die kritiek dat hulle chauviniste is. Sommiges wil hierdie kultuur se agterdog oor die kerk se leer van 'n manlike kerkraad, staak deur die vyandelike kultuur te bereik, sonder om dit uit te skakel met ongewilde sienings. Ander wil kontroversie in hulle eie gemeentes vermy by die oningeligtes en bly daarom eerder stil. Hulle sê baie vinnig: "Ons wil nie die saak hanteer nie, ons wil net die Here dien." Baie van hulle glo die Bybelse leer oor manlike hoofskap, maar hulle preek en leer dit nie en dan doen hulle verder nog hulle bes om dit in die plaaslike gemeente weg te steek. 'n Lewensbelangrike aspek van 'n gesonde Nuwe Testamentiese kerklewe gaan egter verlore wanneer hierdie beginsel geïgnoreer word.

**5. Help Christen vroue om vroulike areas van diens in die gemeente te waardeer en rus hulle toe om hierdie roeping as vroue uit te leef.**
Dit sal egter nooit gebeur as die benadering van die gemeente teenoor die vrouens en mans nie 'n geslagtelike verskil in ag wil neem nie. Dit sal ook nooit gebeur as ons nie braaf genoeg is om die Bybelse leer oor manlike en vroulike rolle aan te spreek in ons huise en kerke nie.

J. Ligon Duncan

(Vertaal en verwerk deur Redaksie)



# Bybelse vroulikheid

**Hoe lyk die vrou in verhouding tot God?**

- God het ons na sy beeld geskape (Gen. 1:26-27).
- God is ons verwysingspunt (Deut. 6:4-5).
- God se Woord is ons gesag (Deut. 6:6-9).
- God se verheerliking is ons doel (Jes. 43:7).

**Hoe beskryf die Bybel vroulikheid?**

- Vroue se helper-ontwerp en missie as 'lewegewer', is skeppings- en verbondskonsepte (Gen. 2:18; 3:20)
- Vroue se helper-bediening kan opgesom word as verhouding en ontferming (Ps. 144:12).
- As gevolg van die sondeval kan natuurlike vroue nie hulle skeppingsontwerp of verbondsopdrag nakom nie (Gen. 3:8).
- Deur verlossing in Christus, het vroue egter die vermoë om te wees en te doen wat hulle geskape is om te wees, teruggekry (Gen. 3:15-16).
- 'n Godvresende vrou moet toegerus word om haar ontwerp en roeping uit te leef deur die kerk (Titus 2:1,3-5).
- Vroue moet hulle lewens aflê om 'n 'lewegewer' te wees. (Luk.17:33).
- Vroue se versekerde hoop in God bring die voortdurende skoonheid van 'n stil, sagte gees na vore (1 Pet. 3:1-6).



**Hoe is die vrou se verhouding tot ander mense?**

- Die kerk is 'n verbondsgemeenskap (Eks. 19:4-6; 1 Pet. 2:9-10).
- God het man en vrou gelyk geskape in wese, maar verskillend in opdrag (1 Tim. 2:9-15).
- God se koninkryksorde van manlike hoofskap, is goed (Gen. 1:31; Ps. 119:68).
- Onderdanigheid in die huwelik en die kerk, is aanvaarding van God se koninkryksorde (1 Pet. 3:1-6).
- Vroue moet die verstaan van Bybelse vroulikheid aan die volgende generasie oordra (Titus 2:1,3-5).

Susan Hunt

(Vertaal en verwerk deur Redaksie)



# Blokraai Oplossing



| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| P | A | U | L | U | S | | E | M | M | A | U | S | | R |
| S | A | R | A | I | | A | G | A | S | | | A | | I |
| A | | N | B | | U | | | R | | R | A | G | E | L |
| L | | | | A | R | A | R | A | T | | | A | | E |
| M | O | S | E | S | | | U | | | U | U | R | | A |
| S | O | N | | I | S | E | B | E | L | | S | I | | M |
| | R | | O | M | | E | E | N | D | E | | A | I | |
| N | W | | P | A | | R | N | | | L | A | | S | P |
| | I | | E | | P | | | | S | I | R | | M | R |
| E | N | A | N | | A | M | O | N | | F | A | R | A | O |
| E | N | | B | | R | | R | A | H | A | M | | E | O |
| T | I | | A | R | A | R | A | T | | L | | E | L | I |
| K | N | O | R | | N | | L | A | S | | G | E | | |
| A | G | | I | | | R | | N | U | M | E | R | I | |
| M | | | N | E | H | E | M | I | A | | N | B | | O |
| E | L | | G | N | | D | E | E | G | | E | A | | P |
| R | U | T | | A | | D | I | L | | I | S | A | I | |
| | D | O | N | K | I | E | | | S | | I | R | | |
| M | | | E | | D | R | A | N | K | | S | | M | A |
| D | I | B | R | I | | | K | A | I | N | | A | D | A |

# Pineas se vrou eer God in verwarrende tye.

**Lees: 1 Samuel 4**

Fokus: Vers 21a: "En (sy het) die seuntjie Ikabod genoem en gesê: Weggevoer is die eer uit Israel- met die oog op die wegneming van die ark."

**'n Verwarrende tyd**
Ons ken nie haar naam nie. Hierdie skoondogter van Eli het op dieselfde dag as haar eie man Pinehas, haar swaer Hofni, haar skoonpa en ander om haar, gesterf - terwyl sy in barendsnood was.

Almal se dood is gehul in verwarrende tye. Hoe moes die weduwee haar eie huislike lewe beleef? "My man en sy broer het daar in die tempel van die offervleis geëet, eintlik het hulle die vleis gesteel wat vir die Here geoffer moes wees." Hoe moes die vrou baie nagte ingaan met die wete, "ek is nie my man se enigste vrou nie." Dit was geen geheim dat hierdie Pinehas-vrou maar moes saamleef met hoeveel ander vroue by die tempel wat deel van haar man se seksuele lewe was.

Om haar skoonpa Eli om hulp te vra, sou haar niks help nie, want hy wou op geen wyse sy seuns straf nie. Altyd het hy maar net gewaarsku en gehoop hulle sal later met hierdie verskriklike lewe van hulle ophou, maar self het hy niks daadwerklik gedoen om die orde te herstel nie. Dissipline was daar nie. Die gebrek aan dissipline skep in alle geval die teelaarde vir waardes wat mense verwar.

**Verwarrende waardes het altyd te doen met verwarde mense.**
Eli en sy seuns wou beslis nie weet



wat dit is om in tye van verval en verwarrende waardes God te eer nie, terwyl hulle eintlik die eerstes moes wees wat die eer na die Here moes terugbring. Eli wat hoëpriester was, sy seuns die priesters, daar waar hulle diens direk God se eer moes verkondig, dáár gee hulle niks om wat ander manne en vroue aan God doen nie. Hierdie vrou was egter anders. In wat ons van haar hoor het die lewe van verwarring en verval haar in haar geloof eerder gesterk as wat sy saam met haar familie bereid was om onder te gaan.

**God se eer in Ikabod**
Nou sterf die Pinehas-vrou en haar seun se geboortebed is haar sterfbed, maar in die oomblik van om te sterwe en om gebore te word, staan sy in haar geloof geteken as iemand wat God wil eer. Al is sy sterwende, is sy werklik oor God se eer die meeste gepla. Sy bekla nie haar mense se dood en haar eie pyn in hierdie verskriklike oomblik wat nou oor haar gekom het nie.

Sy is in alles wat oor hulle gekom het oor die ark van die Here die meeste besorg! In haar laaste snik het sy uitgeroep dat die kind wat gebore word, draer moet wees van dinge wat hulle geloof en God se eer direk raak. "Noem my kind Ikabod, want die eer is weggevoer uit die land." Die feit dat God se ark nou weg was, was vir haar erger as haar mense wat nou weg was. Al het haar pa en haar man en haar swaer se dood haar aangegryp, was die groot verskrikking, wat nou haar lewe neem, dít wat om haar geloof gebeur het. Die Here laat ons dit duidelik verstaan daarom dat dit twéé maal hier staan, dat die naam Ikabod nie betrekking het op Eli of Pinehas se dood nie, maar dit slaan baie duidelik op die wegvoering van die ark deur die Filistyne. Dit wat sy dan self beleef. "weggevoer is die eer uit Israel, omdat die ark van God geneem is..."

Die eer wat sy aan God wou bring en waarby sy sou wou lewe, is weggeneem. Haar seun Ikabod sou hierdie getuienis deur sy naam die lewe moes indra. Van hierdie seun hoor ons ook nooit weer nie. Hy wat wel sonder ma moes grootword, soos dit met baie kinders die geval is. Sonder die troos van 'n ma, sonder die ondersteuning van 'n pa, wat in alle geval hom nie volgens die geloof sou steun nie. 'n Pa wat hy nooit moes ken nie en dalk was dit beter so. Sy ma is egter die vrou wat God wou eer toe ander mense hulle verwarring sou toon. Die kind sou kon wys hoe ingrypend hierdie verwarring is.

**Eer teruggebring**
Sy ma is dood, maar haar woorde leef. God is die Enigste in Wie die oomblikke van om te sterwe eintlik die geboorte van andere kan beteken. In die dood van God se eie Seun het Hy die lewe gebring. Die eer wat weggevoer was, het Jesus Christus teruggebring. Aan die eer van God het Hy voldoen, want Hy het die reg van God volbring. Al kan daar oor Ikabod niks verder geskrywe word nie, kan ons oor Jesus Christus nog baie skrywe! Die ark wat Israel laat rondtrek het met alles wat binne die ark was en alles wat bokant die ark was, ja daardie afgemete stukke hout wat die Pinehas- vrou as God se eer bely het, was werklik draer van die heerlikheid van God. Daarom dat sy sterwe, want sy het geweet as die ark weg is, is dit eintlik God Self wat sy heerlikheid van hulle weggeneem het.


Om te moes baar in die afwesigheid van die heerlikheid van God was vir haar verskriklik. Dis wat werklik die liggaamlike lewe uit haar gehaal het. So is die lewe ook uit Christus gehaal, nog meer as net die liggaamlike, want Christus se dood in die afwesigheid van die heerlikheid van God, het Hom ná die geestelike dood laat uitroep, nie waarom die ark weg is nie, maar waarom God weg is, waarom God Hom verlaat het. Dit alles dat hierdie weduwee Pinehas (en ons saam met haar) nooit deur God verlaat sal word nie.

Al leef mense met verwarrende waardes wat die eer van God verlaat het, is die Heilige Gees die Een wat ons nie verwar nie, maar wat ons lei en na die Woord wil teruglei wanneer andere die Woord wil wegneem!

Ds. Petrus Venter



# In U hande




Aros het in samewerking met Arso-uitgewery 'n multimedia Bybelhandleiding-pakket, In U hande, bekend gestel. Hierdie Bybelhandleiding maak gebruik van multimedia om die Woord in maklike Afrikaans duideliker te maak vir oud en jonk. Die pakket bestaan uit 'n handleiding, 'n Inkleurboek vir kleuters, 'n Junior en Senior werkboek en DVD.

Hierdie Bybelhandleiding is spesiaal ontwerp vir gebruik deur huisgesinne, kerke en skole. Siklus 1 is reeds beskikbaar. Dit sluit in 'n Ou Testamentiese handleiding met die volgende onderwerpe: God die Skepper; Die skepping van die mens; Elkeen volgens sy soort en aard; Die sondeval, straf en genade; Kain en Abel, Lameg en Henog; Noag en die vloed; Van Noag tot die toring van Babel en Die geskiedenis van Abram.

Die Nuwe Testamentiese handleiding se onderwerpe sluit die Evangelies en Handelinge in. Verskeie kerke en skole het dit reeds aangekoop.

**Unieke kenmerke van die handleiding**

- Gratis ondersteunende materiaal is beskikbaar op Aros se webblad www.aros.ac.za wat ouers, onderwysers en kategete die geleentheid bied om saam met kinders dieper te delf.
- Die handleidings en DVD videogrepe kan gratis van die web afgelaai word, geen kopiereg is ter sprake nie.
- Oudiovisuele DVD's maak hoofelemente van die Bybel lewendig vir kinders. Kaarte, tekste wat gelees word, videogrepe en vertelling verseker maksimale leer (Christus word egter nooit in Sy Ou of Nuwe Testamentiese gestalte uitgebeeld nie).

**Die samestelling van die handleiding**

Hierdie handleiding bestaan uit drie siklusse van 28 lesse elk en dek die hoofkomponente in die Bybel kronologies. Elke jaar word 'n gedeelte in die Ou en Nuwe Testament behandel. Siklus een is reeds beskikbaar, siklus twee sal in 2012 en siklus drie in 2013 gebruik kan word.

**Twee gebruiksmetodes kan gevolg word**

1. Alle laerskoolkinders behandel dieselfde Skrifgedeeltes per jaar. Dit gee kleiner gemeentes die geleentheid om kleiner katkisantgroepe saam te groepeer. Predikante weet sodoende waarmee die gemeente se kinders besig is en kan die gedeeltes ook in die prediking aanspreek. Hierdie metode verseker dat die hele gemeente die temas onder die knie kry. Gedurende die leerder se laerskooljare gaan die Bybel twee keer kronologies deurgewerk word.
2. In die toekoms gaan dit moontlik wees om die volledige siklus 1-3 te doen. Graad 1 en 2 begin by Genesis en werk dan die Bybel kronologies deur.

**Vir meer inligting**

- In Namibië met Neil (Danaldij Boekhandel) tydens kantoorure by: (067) 313 943; (081) 376 6821 of e-pos prinsloo@mweb.com.na
- In Suid-Afrika met Lydia Vogel (Aros) tydens kantoorure by: (012) 332 3228 of e-pos aros@lantic.net



# Kiwivrug Kaaskoek



**Sponskoek**
2 Ekstra Groot Eiers
125 ml Strooisuiker (105 g)
250 ml Snowflake Koekmeel (140 g)
8 ml Bakpoeier
125 ml Melk
50 g Botter of Margarien
3 ml Vanilla Geursel

**Vulsel**
20 ml Gelatien
80 ml Water
3 Ekstra Groot Eiers, geskei
250 ml Suiker (200 g)
30 ml Melk
500 g Gladde Maaskaas
5 ml Vanilla Geursel
250 ml Vars Room

**Versiering**
3 Kiwi vrugte, geskil en gesny, Of
Enige ander tipe vrug van jou keuse

1. **Sponskoek**: Klits eiers en suiker saam tot dik en romerig.
2. Sif meel en bakpoeier saam en vou die eier en suiker mengsel in.
3. Verhit melk en botter, maar moenie laat kook nie. Roer melkmengsel en vanilla geursel by meel mengsel in. Giet in 'n gesmeerde koekpan.
4. Bak in 'n voor verhitte oond teen 180 °C vir 25-30 Minute. Laat afkoel op 'n draadrak. Deel Sponskoek in twee of drie lae.
5. **Vulsel**: Meng gelatien in water en los op oor 'n pot met warm water.
6. Plaas eiergele, suiker en melk in 'n swaarboom pot en bring tot kookpunt. Klits aanhoudend totdat die mengsel kookpunt bereik. Verwyder van hitte en roer die gelatien by.
7. Klits eierwitte styf en vou die maaskaas en vanilla geursel in.
8. Klits die room en vou in die eiermengsel in, klits als saam tot lig en glad.
9. Plaas een laag van die koek op boom van 'n los 20cm koekpan. Skep ⅓ van vulsel bo op en herhaal met 'n laag koek en vulsel om die beurt. Plaas in yskas om te stol. Verwyder uit die koekpan en versier met vars vrugte bo op koek.

Nota: Om die koek in lae te verdeel, bind garingdraad of vislyn om die koek en trek dit deur die koek. Cynthia de Smit



# Die groot MENOPOUSE

Menopouse is die permanente einde van menstruasie as gevolg van ovariële en follikulêre aktiwiteit en funksie wat staak.

Dit gebeur tussen sewe en veertig en twee en vyftig jarige ouderdom. Gloede, hartkloppings, sweet, gesigsvlekke, blaas probleme, droë vel, swak naels, haarverlies is van die simptome wat algemeen voorkom tydens die menopouse en is meestal te wyte aan 'n estrogeen tekort.

Belangrike gesondheidsake waaraan aandag gegee moet word is:

- Oefening.
- Staking van rook.
- Neem van kalsium aanvullings.
- Neem van hormoon aanvullings.
- Beendigtheidstoetse.
- Kanker toetse vir bors- en servikskanker.
- Gereelde (maandelikse) borsondersoeke deur die pasiënt self is noodsaaklik.
- Jaarlikse borssonars en mamogramme.
- Jaarlikse papsmeer – selfs vrouens wat 'n histerektomie gehad het moet koepelsmere laat doen.
- Vrouens moet ook gereeld vir bloeddruk, cholesterol en hart ondersoeke gaan.
- Jaarlikse immunisasie teen griep.
- Immunisasie teen klem in kaak en witseerkeel elke tien jaar.
- Immunisasie teen infeksie/ longontsteking eenmalig na die ouderdom van vyf en sestig.

**Mans**

Mans ervaar ook 'n afname in testosteroon wat aanleiding tot verskeie dinge kan gee.

- Laat jou testosteroon toets, want daar is behandeling wat probleme wat die afname veroorsaak kan verminder.
- Gaan jaarliks vir prostaat ondersoeke.
- Gaan vir gereelde cholesterol, bloeddruk en hart toetse.

Onthou: Die "middeljare krisis" soos mense dit algemeen noem is 'n mediese probleem wat met die regte aandag en geduld suksesvol hanteer kan word. Mense ervaar dit al eeue lank, oningeligte en ongevoelige mense maak grappies daaroor en maak dit af as sielkundig. Daar is egter groeiende bewustheid dat dit 'n biologiese probleem is. Praat gerus met jou huisdokter.

Dr. Erich Kesslau





## KELKIEWYN VERVEER

Kelkiewyn het verveer. Ons nuwe voorkoms is om julle, ons lesers, tevrede te stel, want ons weet dis soveel meer aangenaam om 'n aantreklike toerustingsblad te lees.

Met ons nuwe veredos, is daar ook drie nuwe rubrieke. Drie aktuele artikels sal steeds gewy word aan ons oorkoepelende tema.

**Relevant**, wat 'n aspek van die tema bespreek. **Ywer**, waar riglyne gegee sal word om die tema praktiese handvatsels vir gelowiges en gemeentes te gee. **Mikpunt**, waar positiewe veranderde praktyk in ons geloofslewens of gemeentelewens, juis in verband met die tema geopper word.

Jacques en Yvonne Robberts gaan vir ons 'n uitstekende **Bybel Blokraai** in elke uitgawe gee en ek is seker julle gaan dit werklik geniet.

**Skrifoordenking, Lees Lus** en **Medisyne** sal steeds hier wees, maar Maak 'n Hap se naam het vernader na **Opgedis**. Media Maatstok maak plek vir **Maatstok**, omdat ons gereeld films en ander boeke daarin meet, maar nie altyd net vashaak by die media nie. www. webvlug verloor sy voornaam en word **webvlug**, maar die inhoud bly dieselfde en ons sien uit na toekomstige artikels om ons te help om die internet te gebruik in ons dienswerk. Ons jeugrubriek se naam verander na **Verbonde**, omdat ons verbonde is aan die Here en aan mekaar en dan word Kelkiewyn Kuikens net **Kuikens**, want ons weet daar is nie net een spesie se kuikens wat hierdie verhale lees nie. **Wie is in beheer** sal voortaan 'n gereelde plek hê in ons uitgawes en Leer lewe verander na **Leef**, maar die inhoud sal ons steeds leer om soos kinders van die Here te lewe.

Met ons nuwe veredos is dit egter steeds ons missie om relevante Bybelse waarhede positief en gratis aan julle te bring. Lekker lees. *Redaksie*




**Inleidend**

Hierdie dokumentêre film (The Monstrous Regiment of Woman, 2008 van die Gunn Brothers – http://www.monstrousregiment.com/) dra dieselfde naam as 'n traktaat deur John Knox, First Blast of the Trumpet against the Monstrous Regiment of Woman. Hier moet Monstrous verstaan word as "onnatuurlik" en Regiment verstaan word as "regering" en nie as leër of weermag nie.

Die film probeer aantoon dat feministe, vrouens aanspoor om hulle nie te laat lei deur hulle mans nie; kinders te beperk of te vermy; te luister na hulle "inner voice" en 'n loopbaan te volg om hulleself te verwesenlik. In die film word 'n oproep gedoen aan vrouens om terug te keer na 'n lewe van geluk en skoonheid wat net gevind word binne God se Woord.

Dit is nie verbasend dat die film ook heelwat irrasionele kritiek vanaf die sekulêre samelewing en emosionele kritiek vanaf ander gelowiges ontlok het nie. Daarom dat die film aan die begin hulle voorveronderstelling verklaar dat die Bybel nie 'n negatiewe beeld van vroue voorhou nie. Hulle bespreek ook tereg die talle verwysings na vroue in die Bybel, en ook na die Kerk as bruid van Christus. Soos hulle dit stel: daar is nie een "cookie cutter" patroon vir vrouwees in die Bybel nie.

**Die storie**

Die deurlopende tema is 'n teenstelling van die gelowige vrou teenoor die postmoderne bevryde vrou, spesifiek in hierdie film dan genoem feministe. Die vertellings en onderhoude in die film is hoofsaaklik deur vrouens. Die inhoud is beplande onderhoude met vrouens wat dieselfde wêreldbeskouing as die vervaardigers het en onbeplande onderhoude met feministe. Die gedagte is dat elke groep 'n beurt kry om hulle saak te stel.

**Literatuurverwysings**

Knox se traktaat was een van sy bekendste en mees kontroversiële werke. Hierdie werk is nie vandag goed bekend nie. Hierdie traktaat sal selfs vir baie behoudende kerkgangers van vandag hard op die oor val. Vir Knox was dit duidelik dat die Bybel geleer het dat 'n vrou nie behoort te heers oor 'n man nie en dat die Bybel die reël is vir ons hele lewe.

Die film verwys ook na Bybeltekste, onder andere Titus 2 en Jesaja 3:12. Die film probeer nie om eksegese te lewer nie, want die doel van die film is eerder om die praktiese geloofsoefening en antitese uit te beeld. Die verwysing na Jesaja 3:12 is tog interessant omdat 'n mens dit nie so baie raakloop in die debat oor die roeping van die vrou nie.

**Temas**

Die volgende temas word in die film aangespreek:

**Wat is Feminisme?**

Soos dit self deur feministe gedefinieer word in die film, is dit iemand wat glo in "equality, human rights and democracy" en wat ook nie glo in hiërargie en inherente gesag van sommige teenoor ander nie. Maar soos aangedui word in die film, openbaar God wel 'n orde in die Bybel. Die film voer ook 'n onderhoud met 'n feminis wat aandui dat vrouens moet luister na die stem binne-in hulle, want die menslike natuur is "fundamentally good".

**Feminisme en sosialisme**

Daar word sterk lyne getrek tussen feminisme en sosialisme.

**Kuisheid**

Vroue word aangemoedig om hulle te ontbloot. Klein dogtertjies word reeds blootgestel aan 'n wêreld van skamele kleredrag deur tallose rolmodelle op TV, in films en tydskrifte.

**Aborsie**

Die denke van feministe oor aborsie word blootgestel tydens 'n pro lewe optog as hulle verklaar die "reg tot (haar) liggaam" is die hoogste gesag en "dit is maar net 'n hopie selle", en "dit is onrealisties, onopgevoed om nie aborsie te ondersteun nie", "miskien sal hulle slegte moeders wees" en die moeder "moet lewenskwaliteit kan bied". Dit is die redes wat hulle aanvoer om aborsie goed te keur. Hierop volg 'n verfilming van 'n aborsie. Dit toon op skokkende wyse die teenstelling met die beweerde "normaliteit" soos voorgehou deur die dokter. Aborsie in die VSA maak daagliks meer kinders dood sedert die Wade vs Roe hofsaak as die 11 September 2001 terreuraanval.

**Bevindings van die film**

Die film beklemtoon die ironie dat feminisme meisies nie meer vroulik maak nie, maar eerder meer soos mans. Feminisme ontneem vrouens van baie dinge, byvoorbeeld 'n lewe saam met hulle kinders en die opbou van hulle eie huise. Jong meisies en vrouens word nie meer geleer hoe om huisvroue te wees nie.

Die film konstateer ook die lewensbeskouing rakende die kinderseën. Ons kan vra wat sê God of ons kan vra wat sê die mense. God sê kinders is 'n seën en soos pyle in die held se koker. Die wêreld sê hulle is 'n las en hulle word dikwels in ekonomiese terme bereken.

Sekere Bybelgedeeltes het vir vroue

problematies geraak, daarom word daardie dele geïgnoreer. Dit bring dan vryheid in gedrang, omdat feminisme vryheid aan die vrou voorhou as ‘n “paid job” terwyl God spesifiek die vrou se redding aan haar kinders en gesin bind.

Die dalende lidmaattal van kerke word ook oorweeg. Die film stel dit dat evangelisasie die probleem nie sal oplos nie, want God sal ons nie beloon as ons nie van ons eie kinders hou nie.

**Kritiek**

Om kuis, huislik en ingetoë te wees is nie meer die taal van ons tyd nie en hierdie taal vind ons ongelukkig ook nie meer oral in die kerk nie. As evangelisasiemiddel gaan die film moeilik slaag; eerstens omdat die meeste gelowiges hulle in elk geval distansieer van aborsie en die film redelik fokus op aborsie. Verder het die samelewing al so ver getransformeer dat hierdie boodskap vir die meeste mense, veral vir vrouens, vreemd op die oor val.

Waar die film wel slaag is dat dit beklemtoon dat die Bybel nie neutraal is oor die roeping van die vrou nie en dat hierdie roeping praktiese implikasies het. Dit roep die gelowige wat ook ‘n dader van die Woord wil wees, terug na die Bybel om ondersoek te doen.

Nicolaas Roets

# www.truewoman.com

“Vroue moedig julle mans aan wanneer hulle Bybelse manlikheid nastreef”

True Woman is ’n wêreldwye organisasie en maak deel uit van die bediening van “Revive our Hearts”. Dit het begin in Oktober 2008 toe meer as 6000 vroue bymekaar gekom het om die True Woman manifes te onderteken. Sedertdien het ongeveer 20 000 vroue hierdie kongresse bygewoon.

Op die beweging se webtuiste beskryf die beweging ’n ware vrou: “’n Ware vrou is gewillig, ernstig en toegewy om Christus se hart en skoonheid aan haar wêreld te reflekteer. Sy streef daarna om ’n Godgesentreerde lewe te lei, terwyl sy die Here vertroue en sê: ‘Ja Here!’ “

Die doel van die beweging is om vroue te help ...

- om God se ontwerp vir hulle lewens te ontdek en te omhels;
- om die skoonheid en hart van Jesus Christus aan hulle wêreld te reflekteer;
- om te bid dat die Gees hulle families, kerke en nasies en die wêreld sal vul.

Om die hartklop van hierdie beweging te verstaan, kan jy van hulle video’s kyk, met ander vroue op hulle blog gesels en sake bespreek, ’n ‘makeover’ program aanlyn aanpak of op facebook en twitter aansluit om gereeld nuus te ontvang. Jy kan die “True Woman” manifes onderteken en ook die “True Woman” boodskap met ander deel.

Die volgende paar geloofswaardes word aanvanklik uitgelig in die manifes:

1. Ons glo dat God die soewereine HERE van die heelal is en die Skepper van alle lewe en dat alle geskape dinge bestaan vir Sy plesier en Hom eer moet bring (1 Kor. 8:6; Kol. 1:16; Openb. 4:11).
2. Ons glo dat die skepping van die mensdom as manlik en vroulik ’n doelgerigte en manjifieke deel van God se wyse plan was en dat mans en vrouens ontwerp is om God se beeld te reflekteer in komplimenterende, maar onderskeie maniere (Gen. 1:26-27; 2:18; 1 Kor. 11:8).
3. Ons glo dat sonde elke lewende wese van God vervreem het en dit vir ons onmoontlik maak om God se beeld uit te dra, soos ons oorspronklik bedoel was om te doen. Ons enigste hoop om dit weer te kan doen en verlos te word, is om ons van ons sondes te bekeer en te vertrou op Jesus Christus wat ’n sondelose lewe gelei het, in ons plek gesterf het en uit die dood opgestaan het (Gen. 3:1-7; 15-16; Mark. 1:15; 1 Kor. 15:1-4).
4. Ons besef dat ons nie in ’n kultuur leef wat die regering van God erken nie, nie die Skrif as gids van die lewe aanvaar nie en tans die gevolge van verwerping van God se ontwerp van mans en vroue beleef (Spr. 14:12; Jer. 17:9; Rom. 3:18; 8:6-7; 2Tim. 3:16).
5. Ons glo dat Christus alle dinge nuut maak en die skepping verlos, dat sy volgelinge geroep word om sy verlossende doel, deur God se krag, na te streef. Dit moet aangepak word deur elke aspek van die menslike lewe wat deur die sonde verduister en geruïneer is, te transformeer (Ef. 4:22-24; Kol. 3:12-14; Tit. 2:14).

Die tuisblad gee verskeie gebeurlikhede van die beweging se datums deur. Dit help vrouens om self sulke geleenthede aan te bied en verskaf goeie leesstof. Die volgende titels is net sommige van die artikels wat daar gelees kan word:

- 10 reasons - You Can’t Afford Not to be Hospitable
- 23 Great Questions to ask Your Children
- 30 Day Husband Appreciation Challenge
- Biblical Portrait of Womanhood
- My Liberation from Feminism

Gaan maak gerus ‘n draai by hierdie webtuiste. www.truewoman.com



# Internet Pornografie: 'n Kulturele Plaag

Saam met al die wonderlike gebruike van die internet, het gekommersialiseerde pornografie ook toegeneem. Maar wat is die gevolge van die kyk van seksueel eksplisiete prente? Is dit skadeloos? Is daar enige kulturele voordele of waarde in pornografie?

Ongesensorde pornografiese materiaal is vandag beskikbaar vir enige persoon wat internet toegang het. Sommige webwerwe bied pornografiese nuusbriewe aan wat 'n paar keer per week uitgestuur word na persone se elektroniese posbusse. Met die koms van onbeperkte web gebaseerde e-pos dienste, kan sulke materiaal gestuur word na die adresse van enige persoon, oud of jonk, sonder dat dit opgespoor kan word.

In sy boek "Slouching Towards Gomorrah", lewer regter Robert Bork kommentaar oor hoe hierdie tipe "vermaaklikheid" die samelewing afbreek. Nadat hy 'n paar afskuwelike stories dokumenteer (wat aangebied is op 'n internet nuusgroep en wat instruksies bevat vir aspirant-kindermolesteerders), sê hy dat "sulke dinge 'n versoeking kan wees vir diegene wat alreeds op die punt staan om sulke dade te pleeg, om nog meer belang te stel daarin" (p. 136).

Pornografie, hetsy in die gedrukte media, op video of op die internet, kan diegene wat seksuele probleme ondervind, oor die rand van die afgrond laat stort. Dit blyk dat pornografie deur die internet juis die grootste skade berokken. Met die koms van digitale films, het die waarskynlikheid verhoog dat sodanige materiaal baie meer gebruik word. Dit is duidelik wanneer 'n mens bewus word van die ontploffing van pornografiese films en winste op die tyd wat kassette dit vir kliënte begin moontlik maak het om volwassene teaters te vermy.

Aangesien mense nou die vermoë het om digitale pornografiese films te laai in die privaatheid van hul eie huise, kan dié wat verslaaf is aan pornografie, die potensiële verleentheid om in die openbaar gesien te word wanneer hulle 'n volwasse teater verlaat of deur X-rated films blaai, ontsnap.

**Pornografie is 'n sonde**

Gedryf deur hulle wellus vir plesier en gegewe die privaatheid en maniere om dit te soek, sal meer en meer mense toegee aan seksuele swakheid en verslawing. Dit sal daartoe lei dat baie verhoudings vernietig word en dit verhoed ook dat betekenisvolle verhoudings ontwikkel. Baie mense wat hulself nie kan dwing om op te hou soek na meer en meer perverse pornografie om hierdie verdiepende verslawing te bevredig nie, sal verarm en geestelik afdwaal. Pornografie is egter nie net 'n probleem vir diegene wat swig voor die verslawende invloed daarvan nie. Jesus wys ons ook daarop in Sy Woord dat die kyk van pornografie 'n sonde is.

Vroeg in sy openbare bediening sê Jesus: "Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het."(Matt. 5:28). Die sewende van God se Tien Gebooie sê: "Jy mag nie egbreek nie," en die tiende vertel ons om nie te begeer nie, wat buite-egtelike seksuele wellus insluit (Eks. 20:14, 17). En laat ons eerlik wees. Mense kyk na pornografie, want dit skep wellus.

Radikale individualisme (selfsug) is die hart van vandag se kultuur-oorlog. Die wêreld kultuur het vir dekades lank ontwikkel in 'n materialistiese, ongebreidelde, hedonistiese (genotsugtige) samelewing wat selfsugtige begeertes belangriker ag as die lewe en moraliteit. Die konsep van vryheid is ongelukkig gebruik om die korrupsie van morele standaarde en die agteruitgang van die instellings wat hulle ondersteun, te bevorder. Die rede hiervoor is eenvoudig: Die druk om onbeperkte persoonlike vryhede het geen einde nie. Dit beweeg net meer en meer weg van selfbeheersing – sonder einde.

Toe die stigterslede van die Verenigde State geskryf het oor vryheid, het hulle egter aanvaar dat orde en moraliteit deur die state beoefen en beskerm sou word met 'n minimale indringing deur die federale regering. Dit was ook so tot en met die onlangse aanvalle op ons kulturele instellings, waaronder die huwelik, familie, godsdiens, onderwys en die reg. Vandag kom hierdie aanvalle op tradisionele instellings regoor die wêreld voor.

Regter Bork verduidelik: "Die konstante onderskatting van die tradisionele instellings se waarde en die voortdurende druk vir meer individuele outonomie, verswak noodwendig die beperkinge op individue. Stadigaan het die ideaal die outonome individu geword, wat in vyandskap staan met enige instansie of groep wat probeer om grense vir aanvaarbare denke en gedrag daar te stel. Hierdie proses gaan nog steeds aan en daarom het ons 'n samelewing wat steeds meer neig na wanorde" (bl. 64).

**'n Simptoom van agteruitgang**

Pornografie dra by tot Amerika se algehele patroon van morele verval, maar ook tot die verval in ons eie land. Die samelewing verwerp toenemend die selfdissipline wat nodig is vir die onderwys en die huwelik en omhels in die plek daarvan praktyke soos sosiale vooruitgang en egskeidings. Seksuele selfdissipline word ook verwerp, wat slegs kan lei tot die behoefte aan meer selfbevrediging en genot. Sommige beweer dat die regering geen reg het om individue wat hulself bevredig, te beperk nie. Tog moet ons almal saamleef met die gevolge van die mense wat betrokke is by sulke dade.

Alhoewel niemand dood neergeslaan het van die kyk van sulke materiaal nie, het Bork dit die beste beskryf toe hy as volg reageer het: "Niemand het ooit dood neergeslaan deur die lees

# Jesus loop op die See

Matteus 14: 25-33

Dit begin al lig word. Nog steeds dobber die skuit op die golwe. Nou sal Hy egter wel na hulle toe gaan en hulle help. Maar hoe sal Hy hulle bereik? Hy het nie 'n skuit nie. Ag, dit is nie vir die Here Jesus 'n struikelblok nie. Is Hy nie die Meester oor die wind en die see nie? Hy regeer tog oor alle dinge. Hy loop bo-op die golwe en daar gebeur niks met Hom nie. Hy loop na die skuit toe – oor die water. Hoe bly sal die dissipels nou wees om Hom te sien! Hoe sal hulle Hom bedank omdat Hy gekom het! Maar nee! Dit gebeur heeltemal anders. Hulle sien Hom wel aankom, maar hulle herken Hom nie. Hoe is dit dan nou tog moontlik? Wie anders as die Here Jesus kan op die see loop? Tog begryp hulle dit nie. Hulle skrik vir Hom. Hulle skreeu benoud: "'n Spook! 'n Spook!"

Ag, hoeveel geduld moet die Heiland met hulle hê! Hy stel hulle dadelik gerus. Hy sê vriendelik: "Moenie bang wees nie! Dit is Ek. Hou moed. Ek kom help." O, wat 'n uitkoms! Met dié stem kan hulle nie 'n fout maak nie. Dit is Hy. Hulle harte hamer nog van skrik en hulle bene bewe nog steeds. Maar hulle weet nou dat hulle gered is. Die Here is daar. Dit is mos tog die Meester? Petrus is so bewoë dat hy skaars rustig in die skuit kan bly. As dit die Meester is, dan wil hy by Hom wees. Hy wil na Hom toe gaan, nou dadelik! Hy kan nie wag vir die Here om tot by hom te kom nie. Petrus glo nou dat die Meester enigiets kan doen. As die Here op die water kan loop, dan kan Hy ook sy dissipels daarop laat loop. Die see kan dan ook aan hulle geen kwaad meer doen nie.

Petrus steek sy hande na die Heiland toe uit. "Here," sê hy, "as dit U is, sê dan dat ek oor die water na U toe mag kom." "Kom dan," sê die Here. Haastig klim Petrus uit die skuit en loop oor die golwe na die Meester toe. Dit doen hy deur die geloof omdat hy die Here Jesus sien en sy mag ervaar. Maar, o wee, hoe loei die storm en hoe breek die golwe! Sal Petrus nie iets oorkom nie? Natuurlik sal dit goed afloop. As Petrus maar net sy oë op die Here hou. Maar dit doen hy nie. Sy oë dwaal van die Here af na die see toe. O, hoe hoog is die golwe en hoe raas die wind! Dan vergeet Petrus heeltemal dat die Here daar is. Hy sien net die golwe raak wat hom bedreig. En dan kan dit mos nie anders as om skeef te loop nie. Daar kom 'n groot golf aangerol. Ek sal nooit daaroor kan kom nie, dink Petrus. Skielik skreeu hy: "Ek sink! Ek sink!"

Hy sink regtig, want hy vertrou nie meer volkome op die Here nie. Tog roep hy in sy groot angs na die Heiland: "Here, red my!" Die Here is dadelik by om te help. Hy gryp Petrus se hand vas en hou hom so bo die water. "Ag," sê Hy, "waarom het jy tog begin twyfel? Ek het dan vir jou gesê dat jy mag kom! Ek was vlak by jou en Ek regeer mos oor die see en die wind. Jy was al weer kleingelowig." Sal Petrus dan nooit leer nie? Sal ons ooit leer om volkome op Hom te vertrou? Om net na Hom te luister? Om Hom te glo as Hy sê dat Hy by ons is en dat die golwe en die storm daarom niks aan ons kan doen nie?

Ons is net so swak en kleingelowig soos Petrus. Slegs deur die geloof kan ons gered word. Gelukkig weet ons dat die Here altyd gereed is om ons te gryp en vas te hou as ons deur kleingeloof begin sink. Hy sal nie toelaat dat ons omkom nie, al wankel ons geloof. Toe die Here saam met Petrus in die skuit klim, gaan die wind skielik lê. Die Meester hoef nie eens een woord te sê nie. Die see word stil, omdat Hy dit so wil hê. Dit word ook stil in die dissipels se harte. Alle angs het verdwyn. Die Meester is weer by hulle en Hy doen die een wonder na die ander. Hulle is diep ontroerd.

Een vir een kniel hulle voor Hom neer en stamel woorde van verering. "By U alleen is ons veilig wat ook al oor ons kom." "U is die beloofde Verlosser." "Waarlik, U is die Seun van God." Dit het die nood hulle geleer, en wie dit glo, is salig.

Henriëtte Grobler (Uit: Bybel oorvertel vir Oud en Jonk)



van Der Sturmer, die Nazi anti-Joodse koerant nie, maar die kultuur wat dit gedien het, het veroorsaak dat ses miljoen Jode dood neergeslaan het " (p. 144).

Die pornografie-industrie degradeer vrouens en mans, vernietig normale verhoudings, skep valse verwagtinge en verderf die ware betekenis vir seks en die gesinslewe. Pornografie is 'n sonde in direkte konflik met die waarde (letterlike en figuurlik) van 'n huwelik met een lewensmaat en getrouheid daarbinne. Aangesien die huwelik en gesin die boustene is van enige gesonde samelewing, is pornografie duidelik 'n siekte wat ons beskawing bedreig. Beskerm jouself en jou toekoms deur hierdie kulturele plaag te vermy! Sean Yarbrough

(Vertaal en aangepas deur Redaksie)



# God is in beheer

**God is soewerein**
Dit beteken dat God volle mag oor alles het. Hy voer sy eie wil in die hemel en op aarde uit, sodat niemand Hom kan stop of vir Hom vra: "Want dink U doen U?" nie. Hy is die Almagtige God wat alle mag in die hemel en op aarde het en niemand kan sy wil weerstaan nie. Dit is die God wat die Bybel aan ons voorhou.

**Moderne prediking gee dikwels 'n ander idee**
Moderne prediking wys ons dikwels 'n hulpelose en kragtelose God - 'n God om jammer te kry eerder as 'n God om te vrees. Baie van die moderne lering sê dat God die Vader almal in die wêreld wil red; dat God die Seun gesterf het om almal in die wêreld te verlos en dat God die Heilige Gees nou besig is om almal in die wêreld te probeer wen. Dit is egter duidelik dat baie mense sterwe sonder dat hulle deur Christus gered word; sonder hoop. Indien mense dan ongered sterwe en as ons glo dat God almal wil red, dan moet God die Vader teleurgesteld wees, God die Seun moet ontevrede wees en God die Heilige Gees moet verslaan wees.

Ons kan nie sê dat God verras was deur die mens se sonde nie, want dit sou God op dieselfde vlak plaas as 'n mens wat foute begaan. Ook kan ons nie sê dat God hulpeloos die sonde en lyding in die wêreld gadeslaan nie, want dan sou ons vergeet dat die Bybel self sê dat God die bose dinge wat mense doen, beheer. Om die waarheid te sê, as ons die soewereiniteit van God ontken, sou daar spoedig geen plek meer vir God in ons gedagtes wees nie.

**God is geheel en al soewerein**

**Hy het die reg om alles te regeer net soos Hy wil.**
Hy is soos 'n pottebakker wat alle mag oor sy klei het. God is soewerein in die wyse waarop Hy sy mag gebruik. Hy gebruik dit soos, wanneer en waar Hy wil. Die hele Bybel wys ons dat dit waar is. Farao, koning van Egipte het probeer om die Israeliete daarvan te weerhou om God in die wildernis te aanbid. God het sy mag gebruik om die Israeliete te red en die Egiptenare te verslaan. Weereens, toe die Israeliete die land Kanaän binnegegaan het en die stad Jerigo in die pad was, het God sy mag gebruik om die mure van die stad te laat val. So is daar nog baie voorbeelde.

**God se mag red nie altyd sy kinders nie.**
Hebreërs 11:36-37 vertel ons dat sommige wat in God geglo het in die tronk gesit is, party is gestenig en selfs doodgemaak, party het rondgeloop met net diere se velle aan en party het baie pyn deurgemaak. Hoekom het God se mag nie hierdie mense, soos sy ander kinders, gered nie? Die antwoord moet wees dat God soewerein is in die wyse waarop Hy sy mag gebruik. Hy doen wat Hy wéét die beste is.

**God is ook soewerein in die wyse waarop Hy mag aan ander gee.**
Hy het Metusalem mag gegee om langer te lewe as enigiemand anders. Hy gee aan sommige die mag om baie geld te hê, maar Hy maak nie almal ryk nie. Dit is omdat God soewerein is in die wyse waarop hy mag aan mense gee. Hy gee nie aan almal dieselfde mag nie.

**God is soewerein in die wyse waarop Hy barmhartigheid betoon.**
Toe Jesus by die bad van Betesda in Jerusalem was, was daar baie siek mense en tussen hulle was 'n man wat reeds 38 jaar lank siek was. Johannes 5:1-9 vertel ons dat Jesus vir hom gesê het: "Staan op, tel jou goed op en loop." Dadelik was die man beter, hy het sy bed geneem en weggeloop. Waarom is daardie besondere man genees? Ons word nie vertel dat hy verdien het om genees te word nie. God se barmhartigheid is bewys op soewereine wyse, want Jesus kon net so maklik die hele skare genees het as wat Hy daardie man genees het. Maar Jesus het sy heilige krag gebruik om daardie een man gesond te maak. God is soewerein in die wyse waarop Hy sy barmhartigheid betoon. Hy bewys sy barmhartigheid waar Hy wil.

**God is soewerein in die wyse waarop Hy sy genade betoon.**
Genade is God se guns wat Hy bewys aan mense wat dit nie verdien nie, maar wat eerder die hel verdien. Genade is net mooi die teenoorgestelde van geregtigheid, want geregtigheid gee ons wat ons verdien. Genade is die goedheid van God teenoor mense wat dit nie verdien nie, want hulle haat God en gehoorsaam Hom nie. Dit is 'n gawe van God, dus kan niemand genade vra as sy reg nie - dan sou dit nie genade wees nie. God betoon genade aan mense volgens sy soewereine wil. Daaroor kan jy bly wees, want sondaars word gered deur genade en dit beteken dat selfs die slegste persoon binne die bereik van genade is. Niemand kan spog oor God se genade nie, want daarvoor kry net God die eer.

Byna elke bladsy van die Bybel herinner ons dat God soewerein is in die wyse waarop Hy sy genade betoon.

# Die voorreg van ‘n moeder

Lees: Psalm 131

Fokus: Johannes 19:25-27

Die titel van hierdie tema is doelbewus so dat dit na twee kante verstaan kan word:

- Die voorreg van moeder wees
- Die voorreg van ’n moeder hê.

In ’n deurmekaar wêreld met baie uitdagings en chaos, is dit tog interessant hoe maklik ons verby die mees vanselfsprekende gawes wat die Here aan ons gee, kyk. Van daardie voorregte is om ’n moeder te hê (algemeen) en nog meer besonders: om ’n moeder te hê wat God eer. Natuurlik kry jy ook moeders wat hulle kinders vertoorn en nie hulle roeping voor God uitleef nie, maar



wat ’n genade is dit nie as ’n mens deur die voorbeeld van ’n moeder in hierdie wêreld kan grootword. Waar ‘n moeder Godsvresend en Goderend werk en as deugsame vrou haar verbondskinders voor die Here bring, besef ’n mens iets van God se genade.

So leer Psalm 131 dat ons voor die Here kan staan soos ’n kind voor sy moeder.

Hoe staan ’n kind voor sy moeder?

- Soos hy/sy is
- Opreg
- Sonder vrees
- Vol verwagting
- Getroos
- Met vertroue

Soos ’n kind voor sy moeder staan, so kan ons voor God staan in al ons lewensnood. ’n Kind kies nie watter nood hy na sy moeder bring nie. Hy staan met sy hele lewe voor sy moeder. Die voorreg van ’n moeder hê, leer ons begrip vir hoe ons ook voor God kan staan. Onvoorwaardelik, nederig, kind.

So belangrik is moederskap en kindwees, dat Jesus Christus aan die kruis sy aardse moeder en Johannes aan mekaar toevertrou. Dit gaan oor liefde, versorging, omgee, troos en dra.

Kinders, waardeer julle verbondsmoeders, want in hulle word julle gebring voor die versorging van God. Tot in jou grysheid onthou jy die waarde van ’n Godvresende moeder. Onthou jy die troos en die liefde, die




vashou en die omgee. Moeders, vind vreugde in julle moederskap. Eer God, wees diensbaar in jou gesin. Onthou die voorreg van moeder wees in God (Gen. 1:27,28) en onthou dat daar vreugde is in hierdie moederskap (Ps. 127:3-5). As moeder is jy die emosionele tuiste van jou gesin (Ps. 131).

Moeders, bid vir julle kinders. Kinders bid vir julle moeders. O, die vreugde van ’n moeder, van moeder wees en van ‘n moeder hê. Wat ’n genade!

Lewer gerus kommentaar en stuur voorstelle aan Ds. Hannes by jgnoeth@telkomsa.net

Ds. Hannes Noëth



Met Jesus se geboorte was die nuus nie aan almal in die wêreld gegee nie. Dit was eerder gegee aan die skaapwagters in Bethlehem en aan die wyse manne uit die ooste. God kon almal vertel het maar Hy het nie, want Hy is soewerein in die betoning van sy genade. Merk jy op dat God sy genade betoon aan sommige onwaarskynlike mense? Hy het dit betoon aan skaapwagters en aan mense wat nie eens Jode was nie. Dikwels, sedert Christus se geboorte, het Hy dieselfde gedoen - Hy het sy genade betoon aan die mees onwaarskynlike en onwaardig mense. Het Hy sy genade aan jou betoon?


Volgende keer sal ons sien dat die dinge wat God geskep het ook vir ons wys dat Hy ‘n soewereine God is.

Bybelverse om te lees: Daniël 11:32; Jesaja 55:8-9; Romeine 11:33; Efesiërs 1:11; Romeine 11:36; 1 Kronieke 29:10-11; 1 Timoteus 6:15.

Willem Swanepoel het die boekie “ Who is in control?” vertaal. Grace Publications Trust het later goedgunstiglik ingestem dat dit gepubliseer kan word. Dit is beskikbaar by Woordverspreiding (+27-16) 492-1923.

(Verwerk deur Redaksie)

# Bybelblokraai



**Af**
1 Dawid was 'n digter daarvan
2 Vir Alkoholiste
3 Lykbus
4 Laboratorium (afk)
5 Groente
6 Suiwer
7 Bitter
8 Manuskrip (afk)
10 Seun van Jerobeam
11 Waarsêer (Num 22)
16 Galdeërs se stad (Gen 11)
18 god van Hamat (2 Kon 17)
19 Seun van Lea
22 Deur geloof word dit behaal
23 Syne
24 Lof
26 Gebied in Edom
29 Ook
30 Lof sy God (afk)
32 Bybelboek
34 Held van Dawid (1 Kron 11)
36 Abraham se seun
42 Vangs
43 Woestyn
46 Refter (in 'n klooster)
48 Alom
49 Apostel uit Kana (Joh 21)
56 Kuis
59 Seun van Abraham (Gen 25)
60 Begin
62 Saligmaker
65 Kinders van reuse (Num 13)
66 Vyfde in die jaar
68 Nie af nie
70 Sem was sy pa
75 Teenoor (afk)
79 Oom van Saul (1 Sam 14)
80 Identiteit
81 Sneeu sport
83 Maand (afk)
85 Volgens
86 Mendelevium (simbool)
87 Automobiel-Assosiasie (afk)

**Dwars**
1 Apostel
6 Dorp naby Jerusalem
12 Abram se vrou
13 11de Koning van Juda
15 Belangrik
16 Seun van Disan (Gen 36)
17 Josef se ma
18 Berg
21 "Ek het hom mos uit die water getrek"
25 Tyd
27 1ste dag geskape
28 Agab se vrou
31 syns insiens (afk)
32 onder meer (afk)
33 Watervoëls
35 Stad in Kanaan
37 Noord-Wes
38 Vader
39 Radon (simbool)
40 Lataan (afk)
41 Spaans (afk)
44 Engelse titel
45 Meester (afk)
46 Ahira se pa (Num 1)
47 Koning
50 Egipte se koning
51 Plus
52 Seun van Sema (1 Kron 2)
53 Amps halwe (afk)
54 Titaan (afk)
55 Koningkryke (Jer 51)
56 Priester
57 Hond maak so
58 Iets vassit
60 Germanium (simbool)
61 Eer
63 Bybelboek
64 Goewerneur in Esra se tyd
67 Nota bene
69 Lengtemaat
71 Geen
72 Meel en gis
73 En Ander
74 Moabitiese vrou
76 'n Kruie
77 Dawid se pa
78 Esel
82 Iridium (simbool)
84 Lawaaimaker (Spr 20)
86 Moeder
88 Ma van Selomit (Lev 24)
89 Adam se oudste
90 Esau se vrou

Jacques en Yvonnne Robberts

## Sustersaamtrek - 12 Maart 2011

| | | |
|---|---|---|
| 8:00 | Registrasie | |
| 9:00 | Opening | Ds. Piet Fanoy |
| | Verwelkoming | Jeanie Schutte |
| | Psalmsang | Ps. 33: 1&2 |
| | | Ps. 71: 1, 9 & 12 |
| | Voorlesing | Marjorie Horn |
| | Arso | Ds. Neil Prinsloo |
| 9:45 | Tee | |
| 10:15 | Sangsolo | Rian du Toit |
| | Spreker | Ds. Neil Prinsloo |
| | Sangsolo | Rian du Toit |
| 11:15 | Vroueblad inskrywing en kollekte | |
| 11:45 | Uitnodiging na saamtrek 2012 – Tsumeb | |
| 11:50 | Psalmsang | Ps. 84: 1&3 |
| | | Ps. 48: 1&5 |
| 11:55 | Tafelgebed | Dr. Callie Opperman |
| 12:15 | Middagete | |

Aangebied deur die
**Gereformeerde Kerk Khomas Hoogland**